NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 32

10 Oktober 2019

My indrukke van die 72ste AKV

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die 72ste AKV was die tweede vergadering wat ek as 'n afgevaardigde ouderling van Gemeente Potchefstroom-Studente bygewoon het.

Soos gewoonlik, het die vergadering interessante gesprekke en debatte tot gevolg gehad – wat my soms verstom en verbaas gelaat het. Daar was tye dat ek myself in stilte afgevra het: Wat maak ek hier? Ek is te dom vir al hierdie slim teologiese mense met al hul jargon. Ek verstaan nie! Hoe wil ek, eenvoudige jongmens, 'n verskil hier maak?

Maar die Here het 'n sin vir humor. Daarvan is ek vas oortuig weens die feit dat ek verkies is as een van die primus ouderlingslede in die Kommissie. Dit is duidelik dat die Here my in die Kerk wil gebruik as een van sy eenvoudige instrumente – wat my laat dink aan Jesus se woorde in Lukas 10 wat bevestig dat die Here Hom openbaar aan die eenvoudiges. En dit laat my dankbaar voel. Ja, daar is dinge in die Kerk aan die gebeur waarmee ek verskil en seer sekerlik gaan daar nou teoloë wees wat hierdie gaan lees en van my verskil, wel Meneer, u mag. Net soos ek ook van u mag verskil.

Tydens die vergadering het ek die gevoel gekry dat die Kerk só besig is, maar is ons op die pad waar God ons wil hê? Het ons nie so besig geraak met ander goed dat ons besig is om die kern te vergeet nie? Het ons nie vergeet wat ons doel as kerk eintlik is nie? Is dit dalk waarom ons soveel planne moet beraam om gemeentes wie se lidmaatgetalle drasties afneem, tegemoet te kom? Voel gemeentelede nie dalk dat hulle nie meer kos vir hul siele kry nie, sodat hulle dit elders gaan soek? Kan ons nie eenvoudiger kerk wees deur minder oor onnodige beskrywingspunte te redeneer en te besluit nie? Kan ons nie net meer sensitief wees vir God se stem en ons eie ideale en ego's uit die pad skuif nie? Ek het nie die antwoorde op my eie vrae nie...

Al wat ek, as jongmens, werklik met my hart begeer, is om die Kerk meer doelgerig te sien, op God te fokus en minder tyd te bestee aan sekere sake wat myns insiens werklik onnodig is en nie in die kerklike ruimte hoort nie. Laat ons onsself herinner aan ons roeping en plig ter uitbreiding van God se koninkryk. Laat ons wêreldveranderend wees in 'n verwarde en deurmekaar samelewing, waar mense seerkry. Skyn jou lig elke dag helder en wees die sout. Begin in jou eie gemeente of gemeenskap. Soos 'n klippie wat jy in die water gooi en die rimpels wat jy sien, so sal die Heilige Gees ons lei om die Goeie Boodskap wyer te laat kring as individue en as kerk.

Oudl Nanette van Staden
Ouderlingslid: Kommissie van die AKV

(Nanette van Staden is tans 'n vierdejaar PhD-student in Omgewingswetenskappe en verbonde aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus)

Lief en leed

Prof Johann Beukes

- **Dr Johann Beukes** van Gemeente Weltevreden in Johannesburg is enkele maande gelede ’n buitengewone professoraat by die Sentrum vir die Geskiedenis van Filosofie en Wetenskap aan Radboud Universiteit Nijmegen, Nederland, aangebied. Hy het onlangs op grond van buitengewone navorsingsprestasies, insluitend 32 DHET-eenhede wat in slegs twee jaar verdien is, ook ’n ereprofessoraat ontvang van die Departement Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, waar hy tans spesialiseer in Middeleeuse Filosofie en Foucault-studies. Twee van sy boeke, *Middeleeuse Filosofie* (Pretoria: Akademia, 2020; ’n omvangryke werk wat 148 hoofstukke bestryk) en *Foucault in Iran, 1978-1979* (Kaapstad: AOSIS, 2020), is tans in publikasie. Naas die verwerwing van die grade D Litt et Phil (Filosofie, 1995) en PhD (Teologie, 2000), het hy oor die afgelope 25 jaar meer as 60 navorsingsartikels in geakkrediteerde vakwetenskaplike tydskrifte en hoofstukke in akademiese boeke gepubliseer. Prof Beukes is lid van die uitgelese Middeleeuse vakvereniging SIEPM (Société Internationale pour l’Étude de la Philosophie Médiévale) asook die Nederlands Foucault Cirkel. Hy werk vanaf 2020 oorwegend vanuit Nijmegen in Nederland.

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

o	Vrydag 11 Oktober:	Ds HJM (Hennie) Breedt (emeritus)
o	Saterdag 12 Oktober:	Di GDJ (Gert) Macdonald (Nelspruit), BC (Barrie) Oberholzer (Zeerust) en M (Milankie) van der Walt (Namib-Suid)
o	Maandag 14 Oktober:	Prof AC (Adriaan) Neele (Bloemfontein)
o	Donderdag 17 Oktober:	Prof JH (Jan) Barkhuizen (emeritus)
o	Vrydag 18 Oktober:	Dr JH (Johan) van Staden (Sionspoort) en ds JBJ (Kiewiet) van Deventer (Joachim Prinsloo/Ruskoppies)

Gemeentes en bediening

- Tydens die 72ste AKV is die volgende persone in die verskillende rade/komitees verkies:
  - **Kuratorium:** Ds JM (Janine) Bevolo-Manders; dr SM (Sanrie) de Beer; dr H (Hein) Delport; dr RA (Rudy) Denton; dr C (Christo) Pretorius; ds AH (Adriaan) Roets; en dr JM (Thinus) van Staden.
  - **Raad vir Kerkregtelike Advies:** Oudl JD (Joël) Fourie; dr RJ (Robert) Jones; dr E (Elritia) le Roux; dr C (Christo) Pretorius; en dr BJ (Barry) van Wyk.
  - **Raad van Finansies:** Mnre Philip Bester; Hannes Combrink; Gert van Wyk; Paul Vorster; en oudl Tom Moodie.
  - **Tugkomitee (regsgeleerdes):** Adv FH Geyser (Midstream); en adv H Kriel (Krugersdorp-Noord).
  - **Tugkomitee (predikante):** Ds EG Fourie (Kempten); dr JH van Staden (Sionspoort); en ds HJ Celliers (Brits).
  - **Tugkomitee (ouderlinge):** Oudl GJ Rossouw (Krugersdorp-Oos); en oudl H Willemse (Potchefstroom-Suid).

- **Ds Heloïse Herbst** van Rietvallei se e-posadres het verander. Dit is nou **herbst.heloise29@gmail.com**.

- **Bydraes aan die Bybelgenootskap.** Die Bybelgenootskap se finansiële jaar eindig op 31 Oktober. Hiermee net ’n vriendelike versoek aan gemeentes om asseblief u bydraes vir 2019 nou reeds direk by die Bybelgenootskap in te betaal. Die **mikpunt** is steeds **een Bybel per lidmaat**, dit wil sê, **R55 per lidmaat per jaar**. Die eredienskollekte van Hervormingsondag, vanjaar op Sondag 27 Oktober, word per besluit van die AKV ook aan die Bybelgenootskap oorbetaal. Kontak Anne-Marie Malan by **malan@biblesociety.co.za** of 011 970 4010 vir navrae oor uitstaande bedrae, bankbesonderhede en die korrekte donateursnommer vir u gemeente. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en al die pogings wat aangewend word om te verseker dat God se Woord aan almal beskikbaar gestel word.

- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier.** Teologiestudente, predikante en dosente wat gedurende Desember 2019 in hierdie omgewing vakansie hou, word genooi om die volgende eredienste te lei:
  - 25 Desember 2019: Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
  - 29 Desember 2019: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
  - 5 Januarie 2020: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00

  Vergoeding teen vasgestelde tariewe
  Navrae: **nhsabie@telkomsa.net**
  013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00

Vergaderings

- Donderdag 10 Oktober: ADV Finkom
- Maandag 14 Oktober: Bestuurskomitee
- Woensdag 16 Oktober: Ons Tuis Finkom
- Donderdag 17 Oktober: Rata Bestuur Werkwinkel
  Raad (Bestuurskomitee) vir SENTIK
  ADV Dagbestuur

’n Gedig

Kodisil

ek verbeel my ek het alles vir jou gelos
die skottelgoed, ’n netjiese tuin, die skuld, ’n paar polisse
en ons seun
en
lieflik
in hom
ingeprent
alles wat ons sou vergeet

Christo van der Westhuizen
(Uit: *Chrisalis*, 2019)

Kerklike publikasies

- ***Bybelse Dagboek / Almanak 2020***
  R185 (versending uitgesluit)
  Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
  én ’n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
  Bestel nou by **sentik@nhk.co.za**

- ***Bybelse Dagboek / Almanak 2019***
  Was R180, nou net R100 (versending uitgesluit)
  Bestel by **sentik@nhk.co.za**

Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is in ’n rustige omgewing naby busroetes en ’n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Basaars en markte

- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
  24, 25 en 26 Oktober
  Donderdag 24 – Vrydag 25 Oktober: 09:00-20:00
  Saterdag 26 Oktober: 09:00-14:00
  Delyweg 100, Waterkloofpark
  Uitstallers welkom
  Geskenke, juwele, boeke
  Kosstalletjies, teetuin en vele meer
  Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
  kersmark@pretoriaoos.com / 012 460 8441

- **Emily Hobhouse-tehuis: Basaar en Kontreifees**
  Saterdag 26 Oktober 08:00-15:00
  Malherbestraat 55, Capital Park
  Pannekoek, *jaffles* en meer
  Vars vleis, groente en gebak
  Hulp nodig met gebak, bestanddele en by tafels
  Gaskunstenaar Gary Forwood, baie uitstallers
  Navrae: 012 323 4891

- **Gemeente Silverton: Basaar**
  Saterdag 2 November vanaf 08:00 en solank voorraad hou
  By kerksaal, hv Fakkel- en Presidentstraat, Silverton
  Vetkoek, pap-en-kaiings, worsbroodjies
  Pannekoek, nagereg, koek
  Dansers, vermaak vir oud en jonk en baie meer
  Staanplek vir stalletjies beskikbaar teen R200
  Geen kosstalletjies van buite gemeente toegelaat
  Navrae: Ds Henk Labuschagne 082 375 4321
  Hannie Knoll 079 603 6555

- **Gemeente Drie Riviere: Kersmark**
  Saterdag 23 November 09:00-15:00
  hv Bashee- en Wilgestraat
  Geskenke, teetuin, kindervermaak en meer
  Bespreek 'n stalletjie
  Kontak ds Hennie Louw 084 508 7849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, vandag voel ek weer minder seker as gister.
Wat sal tog van my word?
Ek word so maklik ontstel deur klein verliese.
Ek werk so hard vir so min geld, en tog
gee ek so bitter min aandag aan my verhouding met U –
wat my skatryk sou kon maak.
Ek gee soveel aandag aan onbelangrike dinge
dat ek feitlik heeltemal vergeet wat regtig belangrik is.
Ek raak die pad saam met U skoon byster
wanneer ek so verstrengel raak in aardse belange.
Ag, Here, help my om tot my sinne te kom.
Sit my voete weer terug op die pad na U toe.

Thomas à Kempis
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk